Afrikaans

BLY TUIS

RED SUID-AFRIKA



WAT JY BEHOORT TE WEET OOR

KORONAVIRUS (COVID-19)

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

2030 NDP

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) het op 31 Desember 2019 'n reeks gevalle van longontsteking in die stad Wuhan in China aangemeld. 'Ernstige akute respiratoriese sindroom *Coronavirus* 2' (*SARS-CoV-2*) is as die oorsaak van wat nou as 'Koronavirussiekte 2019' (*Covid-19*) bekend staan, bevestig. Sedertdien het die virus na meer as 100 lande, insluitend Suid-Afrika, versprei.

COVID-19 is 'n aansteeklike siekte wat, direk of indirek, van een persoon na 'n ander oorgedra word.

Infeksie:

'n Persoon wat met die virus besmet is, kan dit na 'n gesonde persoon oordra deur:

- die oog, neus en mond of deur druppeltjies wat deur hoes of nies veroorsaak word.
- noue kontak met 'n besmette persoon.
- kontak met besmette oppervlakke, voorwerpe of persoonlike items.

Simptome:

Die algemene simptome sluit in:

- Koors
- Hoes
- Probleme met of moeilike asemhaling
- Seer keel.

Voorkoming:

Om die verspreiding van die virus te voorkom:

- Was jou hande gereeld vir minstens 20 sekondes met seep en water. Gebruik 'n handontsmettingsmiddel met 'n alkoholbasis as jy nie jou hande met water kan was nie.
- Hou 'n veilige sosiale afstand deur oorvol ruimtes of byeenkomste van meer as 10 mense te vermy.
- Vermy noue kontak met mense wat siek voel.
- Moenie aan jou mond, oë en neus raak nie.
- Hou ten minste een meter afstand tussen jou en enigeen wat hoes of nies.
- Gebruik 'n snesie wanneer jy hoes of nies, en gooi dit dan in 'n snippermandjie.
- Vermy dit om aan oppervlakke soos handrelings, wat gereeld aangeraak word, te vat of te vryf.
- Ontsmet voorwerpe waaraan jy gereeld vat, soos selfone, kaarte, motorsleutels en sleutelborde, gereeld.
- Raadpleeg jou dokter as jy nie goed voel nie en bly tuis om ten volle te herstel.
- Gebruik jou gebuigde elmboog, voetaanraking of wuif om te groet in plaas van 'n handdruk.
- Dra 'n gesigmasker, veral die soort wat van lap gemaak is, in die openbaar.

Ignoreer vals nuus en kry amptelike inligting by:

Stuur 'n boodskap met die woord "Hi" aan 0600 123 456 vir WhatsApp-ondersteuning

of

Skakel die 24-uur tolvrye blitslyn: 0800 029 999

of

www.gov.za **of** ***www.sacoronavirus.co.za***